WENNER VAN ORPA BLOKKOMPETISIE AANGEWYS

UPINGTON: Die wenner van vanjaar se ORPA (Oranjerivier Produsente Alliansie) Blokkompetisie was Leon van Zyl van Augrabies Falls Farms met ‘n blok Prime Seedless.

Jaco Paulson van Omdraai Landgoed, Khamkirri was tweede met ‘n blok Red Globe en PR Wiese van SMB Boerdery, Friersdale was derde met ‘n blok Thompson Seedless.

Die funksie is op Oranjerus aangebied en heelwat boere het die geleentheid bygewoon. Die gasspreker van die aand was dr. Johan van Zyl, navorisingsbestuurder van Infruitec, Nietvoorbij, Stellenbosch. Hy het gesê ‘n goeie en suksesvolle boer moet ingelig wees wat in die wêreld rondom hom aangaan. Hy moet gedurig kennis inwin sodat hy kan weet wat in die bedryf aangaan.

Hy het ook gesê in die wingerde van die toekoms moet kultivars hoë waarde hê, aangepas wees by die omgewing en bestand wees teen siektes.

Die boer van die toekoms moet dus kompeterend wees en geld spandeer in opleiding. Meer werkers moet opgelei word sodat kundigheid op die plase kan verbeter.

Die aand is afgesluit met ‘n heerlike ete en almal het lekker saamgekuier en gesels.Orpa 1

Die wenner van vanjaar se ORPA Blokkompetisie met ‘n blok Prime Seedless wat op 28 Mei aangekondig is, was Leon van Zyl van Augrabies Falls Farms. By hom staan Robin Macdougall van Mondipak (regs).

ORPA 4

Jaco Paulson van Omdraai Landgoed, Khamkirri was tweede in die Blokkompetisie met ‘n blok Red Globe. By hom staan Trudie Hopkins van Grapetek.

ORPA 3

PR Wiese van SMB Boerderdy, Friersdale was derde in die Orpa Blokkompetisie met ‘n blok Thompson Seedless. By hom staan Japie Booysen van Kaap Agri.

ORPA 5

Gesellig hier bymekaar is dr. Johan van Zyl van Nietvoorbij, Elzaan Lombard (produsente bestuurder) en David van der Merwe (voorsitter: Orpa).

ORPA 2

Een van die beoordelaars, Christo Liebenberg staan hier by Leon Pienaar en Johannes Kotze.

ORPA 1

Die wenner van vanjaar se ORPA Blokkompetisie met ‘n blok Prime Seedless wat op 28 Mei aangekondig is, was Leon van Zyl van Augrabies Falls Farms. By hom staan Robin Macdougall van Mondipak (regs).